

Lieve geloofs familie

Die jaar spoed tot 'n einde en ons sien uit na die eerste somerreën.

Ons wil graag vir julle terugvoer gee oor ons gemeente se projekte waarvan daar vele was. Dit is met groot dankbaarheid dat ons vermeld dat ons Solar sisteme afbetaal is. Dit is te danke aan julle as gemeente se betrokkenheid, entoesiasme en positiewe gesindheid. Baie dankie vir julle ondersteuning met die diamant-projek, wedloop, blesbok en die golfdag. Ons waardeer dit uit ons harte uit. Ons is die Here ook baie dankbaar vir Sy seën en wil ook aan Hom al die lof en eer bring.

Ons wil julle ook graag inlig oor die laaste paar maande van die jaar en die beplanning vir 2024.

1. Ons nooi julle graag uit na die Belydenisaflegging wat sal plaasvind op die 29 Oktober 2023.
2. Die kategese afsluiting vind ook plaas op die 29ste Oktober 2023 na afloop van die erediens en beloof om baie pret te wees. Maak seker dat julle kinders van Gr 1 tot Gr 6 dit nie misloof nie.
3. Die derde geleentheid is ons jaarlikse dankfees op 05 November 2023 waartydens ons die geleentheid het om die Here te dank vir sy seën en oorvloedige genade oor ons as gemeente. Met hierdie geleentheid sal u ook die geleentheid kry om u tiendemaand-dankofferbydrae te maak. U kan u tiendemaand-dankoffer na die kerk bring op daardie dag en daar sal geleentheid wees om dit tydens die diens in te dien. U kan ook gebruik maak van 'n elektroniese oorplasing of "Snapscan". Merk dit net duidelik as 10de maanddankoffer.
4. Die 12de November vier ons dan ook ons laaste nagmaalgeleentheid vir die jaar en al ons nuwe lidmate is welkom om by hierdie geleentheid aan die nagmaaltafel te kom aansit.
5. Die aand van die 12de November is dit ons jaarlikse kersangdiens. Kom ons pak die kerk lekker vol en sing tot eer van die Here.
6. Van die 17-19de November bied ons 'n ouerskap kursus aan met die tema "The world needs a father". Dit sal aangebied word deur Vian en Riette Storm van River of

Life gemeente. Hou voorlopig julle dagboeke en programme oop vir Vrydagaand en Saterdagoggend. Die kursus behels die volgende: Die mans doen "Dads Talk" en die vroue doen "Mother design". Ons is oortuig daarvan dat ouers vandag alle hulp wat hulle kan kry nodig het in die opvoeding van hulle kinders.

7. Wat 2024 behels wil ons graag die volgende mee deel: Ons gemeente is 2024 50 jaar oud, en ons beplan om dit 'n feesjaar te maak. Ons is die Here dankbaar vir 50 jaar se seëning en oorvloedige genade. Ons wil regtig die jaar met daardie gesindheid benader en daarom sal die preektemas en projekte iets daarvan weerspieël. Ons hoop dat julle saam met ons opgewonde gaan wees oor ons feesjaar 2024.

Aan al ons matriek-leerlinge en hulle ouers wil ons graag sterkte toewens met die finale eksamens wat voorlê. Mag God julle ryklik seeën met wysheid en mag julle deurgee wat julle geleer het. Ook aan al die ander leerlinge – voorspoed met die laaste eksamen van 2023. Aan almal wat Desember met verlof gaan - voorspoedige reis en mag julle met nuwe krag en entoesiasme terugkom.

As leraars wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir julle elkeen ons grootste dank en waardering uit te spreek vir julle volgehoud ondersteuning en bydraes tot ons gemeente. Dit sluit in elkeen se finansiële bydrae sowel as julle betrokkenheid, deelname en liefde. Dit is vir ons voorwaar 'n voorreg om deel van hierdie gemeente te wees en hier te kan bedien.

Mag die Here se genade en vrede met julle elkeen wees en bly.

Groete in Christus

Deon en Fritz